Son 28 Jun(Nehemia 9:5-17) Wonderbare God, laat U magtige Naam vandag regoor die wêreld geprys word. U is verhewe bo alle lof en roem. U alleen is Here! U is 'n God wat vergewe. U bly getrou. U is genadig, barmhartig, lankmoedig en vol liefde. Hoe bevoorreg is ons om U te kan aanbid. Verheerlik asb vandag U grote Naam.	V	**Son 5 Julie (Ef 1:15-23)** Here, baie dankie vir die bybel, vir die voorreg om een te besit en om dit openlik te lees. Dankie dat U Gees aan ons die wysheid gee en U so aan ons openbaar dat ons U werklik kan ken. Maak ons begerig om meer en meer tyd met U en U Woord deur te bring en laat ons vreugde hê in hierdie groot voorreg wat ons het.	V	**Son 12 Julie (Openb 1:4-8)** Heerser oor die wêreld, selfs toe die aarde woes en leeg was, was U die Koning van die heelal, en wanneer alles wat bestaan tot 'n einde kom, sal U steeds regeer. U is die Allerhoogste, niks kan met U vergelyk word nie. Daar is geen begin of einde van enige iets sonder U nie. Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid. Amen
Ma 29 Jun(Jes 26:2-3) God van al die nasies, ons dra die Mosambiek-uitreik aan U op en vra dat U dit sal seën. Beskerm asb die span en berei die pad vir hulle voor. Gebruik hulle asb as U verteenwoordigers wat U liefde sal uitstraal en uitleef. Raak asb mense se harte aan. Ons bid vir die uitbreiding van U koninkryk en vir die versterking van U kinders se geloof.	O	**Ma 6 Julie (Ef 1:9-14)** Grote God, dit was U bedoeling om alles wat in die hemel en op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus. Daar is egter nog so baie mense wat nog nie die evangelie van verlossing gehoor en tot geloof gekom het nie. Seën asb al die verskillende maniere waarop die Boodskap uitgedra word – deur bybelvertaling en -verspreiding, deur middel van die radio en die rekenaar en elke ander vorm van evangelisasie.	O	**Ma 13 Julie(Rom 1:18-22)** Skepper en Herskepper, open asb mense wat U nie wil erken as die ware God nie, se oë en verlig hul duister harte. U is só groot en tog sien mense U nie raak nie. U roep so hard en tog hoor mense U nie. U is naby ons en tog is mense nie bewus van U teenwoordigheid nie. U stort U liefde uit oor alle mense en hulle draai hul rug op U. Laat U kinders waardige getuies vir U wees en mense na U toe trek.
Di 30 Jun (Ps 145) Barmhartige God, laat ons vandag doelbewus tyd inruim in ons program, om alleen met U te verkeer en te dink aan al U goedheid. Herinner ons dan aan alles wat U so ruimhartig aan ons voorsien en vul ons met groot dankbaarheid teenoor U. Maak ons oë oop en laat ons U hand in ons lewens raaksien. Baie dankie vir alles, Here!	L	**Di 7 Julie(Ps 147:3, Ps 34:19)** Daar is so baie mense wat hartseer is oor geliefdes wat hulle verloor het, of gebroke is vanweë verskeie oorsake, Here. Dankie dat U die Trooster gestuur het om by ons te wees in alle omstandighede. Vertroos asb almal wat vertroosting nodig het. Hou hulle asb styf vas en versterk hulle. Stuur ook asb mense wat omgee om hulle by te staan.	L	**Di 14 Julie(Ps 9:10-13 Ps 91:11)** Here, ons moet erken dat ons soms onveilig voel wanneer ons hoor van die sinnelose geweld, aanranding en ander vorms van misdaad wat so rondom ons gebeur. Ons maak staat op U beloftes in U Woord, Here. Weerhou asb onheil van ons en beskerm ons. Ons dink aan almal wat reeds sulke trauma beleef het, en wat nog sukkel om dit te verwerk. Help hulle asb!
Woe 1 Julie (Fil 1:20) Ons Meester, dit is ons begeerte om U op alle terreine te behaag. Ons wil onsself graag absoluut aan U oorgee. Dikwels is die EIE EK en die EIE WIL egter so groot dat dit ons daarvan weerhou. Bring ons by die punt waar ons sal afstand doen van die "self". Stroop ons van selfsug, afguns, beterweterigheid en liefdelose optrede. Beheer U asb elke dag ons lewens.	H	**Wo. 8 Julie(Rom 12:9-21. Jak 3:14-17)** Here Jesus, leer ons om U liefde prakties uit te leef in ons daaglikse omgang, sodat elkeen wat met ons te doen kry, gelukkiger sal wees as voorheen. Gee ons die wysheid van 'n liefdevolle hart sodat ons in elke situasie sal weet wat om te sê en hoe om dit te sê. Maak ons sensitief vir ander se gevoelens dat ons hulle nie sal seermaak nie en leer ons om bedagsaam te wees.	H	**Wo 15 Julie(Spr 16:2, Spr 12:18, Spr 14:29, Ps 139:1-4)** God wat alles weet en wat ons deur en deur ken, leer ons asb om eerlik selfondersoek te doen. Help ons om die waarheid oor onsself raak te sien. Maak ons oë en ore oop sodat ons die ongeduld in ons stemtoon sal hoor, die bitsigheid van ons woorde sal besef. Help ons om ons liggeraaktheid en selfsug te erken. Leer ons om eerlik te sê: Ek was verkeerd – vergewe my asseblief.
Do 2 Julie(Hebr 11:8) Here, toe U vir Abraham geroep het, het hy weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom! Leer ons om weg te trek van ons eie oortuiging, ervaring en gewoontes en U blindelings te volg. Maak ons bereid om weg te trek in algehele, onvoorwaardelike oorgawe aan U. Laat ons U in afhanklikheid vertrou vir ons pad vorentoe, want U weet die beste.	A	**Do. 9 Julie (Fil 4:5, 1Tess2:7, 2Tim 2:24)** Here, verlos ons van die geneigdheid om altyd skepties en krities te wees teenoor ander se pogings. Maak ons sagmoedig en toegeeflik. Leer ons om vriendelik te wees en onreg teen ons te verdra. Neem weg die hart van klip in ons binneste, en gee vir ons 'n hart wat ontvanklik is – 'n hart wat U sal liefhê, loof en aanbid, wat U met vreugde sal volg.	A	**Do 16 Julie (Spr 16:1,Jak 1:5)** Here, ons wil U graag dien. Ons wil graag nuttig en bruikbaar wees. Party van ons is voortvarend en pak 'n ding aan sonder om te besin. Ander is weer te bang om iets te doen uit vrees vir mislukking. Soms bly dit net by voornemens. Help ons asb dat ons fyn sal luister na U stem en sal hoor wat dit is wat U wil hê ons moet doen. Maak ons dan gehoorsaam aan U en gewillig.
Vry 3 Julie (Ps 90:1-2) Ewige God, U was nog altyd vir ons 'n toevlug, van geslag tot geslag. Dankie dat U U ontferm het oor ons oupas en oumas, en oor ons ouers, sodat die geloofsgetuienis van een geslag na die volgende oorgedra kan word en ons so bevoorreg is om U te ken. Laat ons ook vir ons kinders en kleinkinders van U wonderdade vertel en wees U ook vir hulle 'n toevlug.	R	**Vry 10 Julie (Hebr 12:1-3, 1Tim4:6-10)** O God, U is die Here van die geskiedenis en die toekoms, ook van vandag. Ons jeug is verontrus oor baie dinge: honger, armoede, werkloosheid, siekte, onderdrukking en onreg. As jongmense wil ons die lewe graag geniet en voluit vir U lewe. Ons hoop is op U gevestig. Leer ons hoe om in hierdie tyd saam met U te werk aan 'n beter toekoms, 'n nuwe wêreld waar U liefde sal seëvier.	R	**Vry 17 Julie (Deut 32:1-12, Neh 9:17(b)** Hemelse Vader, om kinders groot te maak is nie maklik nie! Tog is ons so bevoorreg om riglyne in die Bybel vir hierdie verantwoordelike taak te hê. En ons het U as voorbeeld van hoe 'n ouer moet optree – ferm, konsekwent, maar altyd liefdevol. U is geduldig, U luister altyd na U kinders, U het begrip, U vergewe. Leer ons om goeie ouers te wees.
Sat 4 Julie(Rom 14:17- 15:13) Here God, ons bid vir ons leraars. U het aan hulle die voorreg gegee om die Evangelie aan mense te bedien. Laat ons as gemeente hulle ondersteun in hulle taak deur ons gehoorsaamheid aan God. Laat ons ons medegelowiges in ag neem, mekaar in die geloof versterk, eensgesind wees, en uit een mond U lof betuig.	D	**Sat 11 Jul(Kol 3:1-4)** O Heilige Gees van God, maak ons leraars elke dag bewus van U liefdevolle teenwoordigheid. Wees die inspirasie vir hul gedagtes en lei hul met besluite. Help hulle met die beplanning van hul take en seën hul in die uitvoering daarvan. Laat hulle niks uit eie krag aanpak nie, maar in alles eers U wil en leiding vra. Ons dra hulle aan U op.	D	**Sat 18 Julie (Ps 19 & 20)** Ons loof U, Almagtige God, dat U Uself openbaar tot aan die uithoeke van die aarde. Die ganse skepping getuig van U mag. Laat U dienaars inskakel by U volmaakte plan en so die Blye Boodskap wat lewe gee, versprei. Laat U dienaars bly by U onderwysing en bepalings. Mag wat hulle sê en wat hulle dink tog vir U aanneemlik wees.